VOL. 38

# RONDOMNUUS

JUNE 2020 | QUATERLY NEWSLETTER



DUTOIT

*Missie*
Ons produseer, verpak, bemark en versprei kwaliteit landbouprodukte op 'n geïntegreerde, volhoubare, winsgewende, wetenskaplike en markgedrewe grondslag tot bevrediging van ons kliënte en ander belanghebbendes.

*Visie*
Dié voorkeurverskaffer van spesialis varsprodukte in Suid-Afrika

*Kernwaardes*
Betroubaarheid
Lojaliteit
Ordelikheid
Menswaardigheid

*"Ons is opgewonde oor die langtermyn toekoms want ons het 'n uitstekende platvorm vir groei"*
PIETER DU TOIT

DEDICATION ALWAYS SHOWS

# IN HIERDIE UITGAWE


*Fokus*

1 7DE CORONA BOODSKAP
3 BESOEKE & REGULASIES
5 COVID OPLEIDING
5 GESONDHEIDSWERKERS

*Waarde*

7 SKENKINGS
7 WAARDERING

*Afdelingnuus*

9 KROMFONTEIN - KROMLIN PRIMÊR
10 DUTOIT VRUGTE - SONKRAG
11 DUTOIT GROENTE - SHALLOTS CAMPAIGN
15 DUTOIT TEGNIES - PROJEKTE
17 AANSTELLINGS & OORPLASINGS

*Allerlei*

18 OOS-KAAP PRODUKSIENUUS
19 WEERPATRONE
20 BOOST YOUR IMMUNE SYSTEM
21 SIZA
22 DUTOIT APPLE SUPPLY CHAIN



*Redaksionele beleid*
Ons oorweeg alle bydraes, maar behou ons die reg voor om nie alle materiaal te plaas nie. In die oorweging word die totale spasie beskikbaar in ag geneem, asook of die materiaal in lyn is met die visie, missie en waardes van Dutoit Groep.

# *7de Corona boodskap*

PIETER DU TOIT

**_Aan alle werknemers en besigheidsvennote van Dutoit Groep._**

Ek deel graag 'n paar gedagtes met jul op dag 90 van die Corona pandemie net voor die wintervakansie:

### *1. Baie dankie – Rus lekker*

Meeste kollegas kry gedurende die wintermaande die geleentheid om 'n paar dae vakansie te neem. Ons kom deur 'n moeilike ses maande en hierdie ruskans om die batterye weer te laai is welverdiend. Ons sê dus baie dankie aan elke werknemer en sy gesin vir jul:

**Getrouheid:** Deur die operasionele take buitengewoon goed af te handel onder uitdagende omstandighede.
**Vasberadenheid:** Om die vrese vir die Covid19 virus te beveg.
**Opoffering:** Om die behoeftes van ons gesinne, kollegas en gemeenskap te balanseer met eise van die werkplek.
**Geduld:** Om al die verwarrende en frustrerende boodskappe te verwerk.

### *2. Wees versigtig!!!*

Ons raak nou gewoond aan die pandemie. Ons kan maklik 'n onverskillige houding inneem teenoor die Covid19 virus. Die feitelike is egter dat ons nou baie versigtig moet wees. Die groot inperking het baie vroeg in die ontwikkelingkurwe van Corona plaasgevind. Maar nou is die infeksiedruk baie hoër. Die skole open en die besighede begin weer sake doen. Dit is nou die heel belangrikste tyd vir sosiale afstand, sanitasie en maskers. Moet onder geen omstandighede onnodig met mense meng nie. Ons gaan nou al meer hoor van naastes en kollegas wat positief is.

*Dit moet ons belangrikste doelwit wees om ons mede-werknemers van die Dutoit Groep te beskerm. Onverantwoordelike optrede deur slegs een werknemer kan 'n hele span mense in gevaar stel. Ons het uiters verantwoordelik opgetree tot op hierdie stadium en ek het alle vertroue dat ons sal vasbyt tot ons die Corona oorwin het.*

### *3. Boodskap van die Direksie*

Op die Dutoit Groep Direksievergadering van 11 Junie 2020 het die Voorsitter en Direksielede versoek om 'n spesiale woord van gelukwensing en waardering oor te dra aan die personeel van die Dutoit Groep. Veral die onafhanklike Direkteure, met wye blootstelling aan ander maatskappye en ander werkomgewings, ervaar ons hantering van die pandemie as uiters positief. Baie lae persentasie positiewe gevalle, goeie protokolle, goeie kommunikasie, goeie hantering van regulatoriese omgewing en operasionele funksies wat kon suksesvol kon voortgaan. Welgedaan!

### *4. Strategiese beplanning*

Ons jaarlikse strategiese beplanning sessie van die Dutoit Groep het per MS TEAMS (Vergadering oor die internet) op 10 Junie 2020 plaasgevind. Ons het voortgegaan met die rollende vyf jaar sakeplan vir die Dutoit Groep. Soos in die verlede is die fokus op hoe vinnig ons wil groei, in watter rigting ons wil groei en allokasie van skaars hulpbronne om die groei planne te ondersteun. Ons sal mettertyd meer inligting hieroor versprei. In kort is ons opgewonde oor die langtermyn toekoms want ons het 'n uitstekende platvorm vir groei asook opwindende projekte wat ons kan uitrol.

Die onsekerheid wat die Pandemie meebring, dwing ons egter om nou te wag en uiters versigtig te wees met ons groei planne. Die prioriteit is nou oorlewing aangesien niemand werklik kan voorspel wat die ekonomiese, sosiale en politieke invloed van die Pandemie gaan wees nie.

Ons gaan dus die situasie dophou en het spesifieke merkers wat aan ons seine gaan deurgee wanneer ons weer die krane kan opdraai. Aangeheg is die mening van die uitvoerende hoofde van 500 van die grootste maatskappye in die wêreld. Ek heg meer waarde hieraan as die voorspelling van ekonome.

### *5. Ons siening oor:*

**Die pandemie**

Oor die 9 Miljoen positiewe gevalle en bykans 500,000 sterfgevalle direk as gevolg van corona virus!!! Ons het verwag dat die corona virus gaan piek, maar daar is al meer gerugte van 'n tweede en selfs derde uitbraak wat ons kan tref. Die vooruitsigte op 'n teenmiddel voor die einde van die jaar is al skraler. Mediese kenners voorspel dat dit moontlik eers teen die einde van 2021 behoorlik getoets en vrylik beskikbaar gaan wees.

In Suid Afrika neem die positiewe gevalle (112,000) en sterfgevalle (2,205) skerp toe. Ons regering het eintlik geen ander keuse as om die ekonomiese, sosiale en maatskaplike aktiwiteite weer aan die gang te kry nie. Die Weskaap is los voor op die kurwe en ons kan maar net hoop en vertrou dat ons binnekort 'n afplatting sal ervaar. So, weereens, wees versigtig en pas julself op.

*Vir my is een van die heel belangrikste wapens teen die virus om jou liggaam se weerstand vlakke hoog te hou deur gesonde eet, slaap en oefen gewoontes.*

**Wêreld ekonomie**

Beide die IMF (Internasionale Monetêre Fonds) asook plaaslike ekonome voorspel dat die wêreldekonomie met 5% gaan krimp (erge resessie!!) en dat wêreldhandel met 20% gaan afneem. Dit is baie moeilik om die implikasies hiervan die lees. Een ding is baie seker. Die wêreldekonomie het nog nooit so iets beleef sedert 1930 nie. Daar is 'n skrale kans dat die mensdom so vinnig planne gaan maak dat ons middel 2021 normaal gaan wees. My persoonlike mening is dat die ekonomie heelwat langer gaan neem om te herstel van die skokke van "lock down" en dat ons eers weer in 2022 aan die gang gaan kom. Selfs dan gaan daar groot veranderinge wees as gevolg van die "lock down". As voorbeeld veranderinge in: verbruiker voorkeure, voorsiening sisteme, politieke leierskap en armoede verligting. Die lewe gaan nie weer "normaal" wees nie.

**Suid Afrikaanse ekonomie**

Gister se boodskap van Tito Mboweni is duidelik. Ons sal almal die gordel moet intrek. My beste raad aan al die mense van die Dutoit Groep is om baie versigtig te wees met jou persoonlike finansies. Draai die sente drie keer om en stel uitgawes uit wat moontlik kan wag. Ons is in 'n lae rentekoers omgewing met lae inflasie maar die toekoms is uiters onseker!

**Wat lees en doen ek tans?**

Ek was baie bly toe ek weer my wynkas kon aanvul met vars wyn. Ek was op 'n stadium heeltemal leeg en het in die proses 'n aantal baie ou wyne in my kas ontdek van 1980 -2001. Ek was verbaas hoe goed dit gehou het. Die les is dat indien jy wyne so lank verouder moet jy begin met goeie wyn en 'n goeie wynkas.

Dit was baie goeie nuus toe ons weer buite die erf mag oefen. Die domste ding wat ek in my lewe gedoen het was om al in die rondte om my huis te hardloop vir oefening. Voel bietjie verleë hieroor want ek hoor al hoe die kleinkinders gaan spot!

Ek het heelwat huiswerk gedoen oor hoekom die aandele beurse op die wêreldmarke so vinnig en onverwags herstel het. Selfs hieroor is daar wyd uiteenlopende menings en sal tyd leer of die waardes geregverdig is.

*Ek wil jul ook nooi om my te skakel indien jul 'n spesifieke behoefte of bekommernis het waarmee jul reken ek kan help of waarvan ek moet kennis neem.*

**_Ons praat weer in die 2de semester._**












# *Besoeke & Regulasies*

**JOHAN GROBLER**

–

In Januarie 2020 het baie min van ons geweet wat vir ons voorlê. Min het ons geweet dat nie net Suid-Afrika nie, maar die hele wêreld op sy kop gekeer gaan word deur 'n virus afkomstig uit Asië. Reeds in Desember 2019 het Chinese medici 'n nuwe Corona-virus geïsoleer wat die asemhalingstelsel van die mens aanval en waarvoor daar geen genesing is nie. Boonop is bevind dat hierdie virus redelik maklik deur sosiale kontak oorgedra word. Binne enkele weke het hierdie nuwe siekte, bekend as Covid-19, rondom die aarde versprei.

Die Covid-19 verspreiding het vinnig in 'n pandemie verander wat 'n spoor van verwoesting agtergelaat het met duisende sterfgevalle regoor die wêreld. Ook Suid-Afrika is nie gespaar nie, teen die einde van Maart het die Regering 'n grendeltyd afgekondig om die verspreiding van die virus te beperk. Die grendeltyd het met nuwe reëls die normale manier van lewe in alle vlakke van die ekonomie ingrypend verander. Die reëls het ten doel gehad om die verspreiding van die Covid-19 virus aan bande te lê en in nasionale belang het die Regering hierdie in 'n uiters belangrike lig gesien.

Binne enkele dae is die Witzenberg Munisipaliteit as een van die brandpunte geïdentifiseer en was oë uit alle oorde op ons streek gerig. Die plaaslike regering was dus onder hewige politieke druk en dit was dus geen wonder dat verskeie besoeke na ons vallei plaasgevind het nie.

*Eerstens was daar die onverwagse besoek op 3 April 2020, of liewer inspeksie deur Mnr David Esau, die Hoofinspekteur van Arbeid in die Wes-Kaap. Dutoit Agri is gelys as 'n noodsaaklike diens tydens die nasionale inperking en Mnr Esau moes homself vergewis dat Dutoit Vrugte aan die aangekondigde regulasies voldoen en dat die gesondheid en lewens van werknemers nie in gevaar gestel word nie. Na afloop van die inspeksie het Mnr Esau genoem dat hy kon sien Dutoit neem die krisis baie ernstig op weens verskeie aksies wat geneem is om werknemers en die publiek te beskerm.*



Op 28 April 2020 word die DTV perseel asook Paardekloof deur die Wes-Kaapse lid van die Uitvoerende Komitee (LUR) vir Gesondheid, Dr Nomafrensch Mbombo besoek. Sy word deur die verskeie amptenare van haar departement asook die pers vergesel. Sy besoek onder andere die Woolworths pakhuis, waar die pakhuisbestuurder, Karin Swart, die LUR inlig oor die voorkomende maatreëls wat op die DTV perseel gevolg word om die verspreiding van die Covid-19 virus te beperk.

*In 'n onderhoud met die pers na afloop van haar besoek sê Dr. Mbombo dat sy hoogs beïndruk is met, nie net Dutoit se hantering van die krisis nie, maar ook met die van die landbou in die Witzenberg-streek.*

Die politieke druk het egter net toegeneem en nie net die Witzenberg nie, maar ook die Wes-Kaap in geheel was aan die bopunt van Covid-19 infeksies in Suid-Afrika. Om hierdie rede word die streek en ook die Dutoit Vrugte perseel op 12 Mei 2020 deur die Wes-Kaapse Premier, Mnr Alan Winde besoek. Die Premier word vergesel deur die Wes-Kaapse LUR vir Landbou, Dr Ivan Meyer, asook Mnr Jannie Strydom van Agri Wes-Kaap.

Na afloop van die Premier se besoek aan Pakhuis 4 en 5, noem hy en die LUR dat die Landbou 'n leierskapsrol moet speel in die stryd teen Covid-19. Hy spreek ook sy dankbaarheid teenoor Dutoit uit vir hulle diens aan die Suid-Afrikaanse publiek en die volgehoue verskaffing van voedsel tydens die inperkingsperiode.

***(1) Jannie Strydom, CEO van Agri Wes-Kaap | Johan Grobler, Direkteur Vrugteverpakking Dutoit Agri | Dr. Ivan Meyer, LUR Landbou Wes-Kaap | Alan Winde, Premier Wes-Kaap | Pieter du Toit, Besturende Direkteur: Dutoit Groep.***
***(2)Carel Cronje, Landgoedbestuurder Paardekloof, saam met lede van die pers.***
***(3)Willem Coetzee, Hoof Uitvoerende Beampte Dutoit Agri | Dr Nomafrensch Mbombo, Minister van Gesondheid Wes-Kaap | Victoria Mbandazayo, Gesondheidswerker Paardekloof | Sophie de Bruin, Gesondheidwerker Paardekloof | Handri Liebenberg, Adjunk Direkteur: Gesonderheidsdienste Kaapse Wynland Distrik | Dalene Conradie, Menslike Hulpbron Direkteur Dutoit Agri | Brumilda Klein, Klinieksuster Dutoit Agri.***





# *Covid Opleiding*

**ILZE RAUTENBACH**

–

Dutoit Groente se Covid opleiding het op 05/05/2020 plaasgevind. Die personeel was in afdelings gedeel wat 40 werkers in 'n groep was. Die bestuur het merkers in die eetlokaal geplak waar werkers mag sit, sodat daar afstand tussen elkeen gehou kon word.

Elke sessie het 1 uur per groep geduur, waartydens ons soveel as moontlik rondom die virus gedeel het. Die doel van hierdie kortkursus was meer as net die deurgee van 'n klomp feite en inligting. Begrip tov die virus en 'n dieper verstaan van hoe mense hulself en die mense rondom hul kan veilig hou, was die mikpunt.

Agtergrond van aansteeklike siektes: Inligting oor die virus self – hoe dit aansteek en versprei, wat elkeen moet doen om homself en ander te beskerm (bv. hande was, hoe lyk dorp toe gaan, bou van immuniteit, sosiale distansiëring, ensovoorts. Mites tov die virus: Simptome en wat moet ons doen wanneer ons dit ervaar en moontlik siek word was deel van die opleiding.

Die inligting wat hulle ontvang het, gebruik die werkers elke dag in die werksplek en in hulle persoonlike lewe.

Na die opleiding het die werkers meer verstaan wat die Virus behels en was hulle beter voorbereid.






# *Gesondheidswerkers*

**SARA JIEMIES, JO-ANNE BEUKES, ROSHELLE DE KLERK**

–

Ons gesondheidswerkers en susters het in hiedie Covid-tyd ook baie hard gewerk om werknemers te "screen" te midde van hulle eie vrese en bekommernisse. Ons deel net die belewenisse van drie van ons gesondheidswerkers.

***Roshelle De Klerk van Vastrap skryf:*** Ek het ook my vrese met die Covid-19 ervaar. Ek is gesondheidswerker, kinders is tuis en ek moet elke dag kontak met werkers hê vir screening van Covid-19. Baie van die werkers het nie by die plaas se reëls gehou nie en dit het my senuwees op hol gehad. My broer raak toe skielik siek en moes per ambulans na die hospitaal gejaag word. Ons as familie kon nie eers 'n ondersteunende rol speel of gaan besoek nie. Die volgende dag verneem ons hy het gesterf en kon nie eers na hospitaal gaan om in sy finale paar uur of minute saam te spandeer nie. Dit was baie seer. Almal het onmiddelik gedink dat hy moontlik Covid-19 het, omdat hy ook diabeet is, maar toe is dit natuurlike oorsake, wat glad nie eers verband hou met Covid-19 nie.

Die ergste omtrent hierdie Covid-19 asook die grendeltyd was die reëls en regulasies vir begrafnisse. Alles is so onpersoonlik en weg van mekaar ek

kon nie eers my skoonsuster troos, ons moes afstand hou. Hierdie het my kwaai geruk en wens niemand in die tyd so iets toe nie.

***Sara Jiemies en Baba (Jo-Ann Beukes) van Lindeshof deel die volgende:*** Covid 19 het ons bang en bekommerd gemaak dat ons nie glo en vertrou nie. Ons was baie versigtig. Ons was bang ons kan Covid 19 opdoen en dat ons ingeperk kan word by die huis of ons werke verloor. Ons het gevrees, as dit gebeur, dat daar nie kos op die tafel gaan wees nie.

As ons nie 'n veiligheidshek gehad het wat ons binne die plaas gehou het nie en ons vryelik kon beweeg, sou ons getalle dalk hoog gewees het. Ons het ook gevrees dat van ons familielede dalk Covid 19 kan opdoen en dit sou ons histeries maak as ons nie by hulle kon uitkom nie. Ons het ook gevrees dat ons deur die screening kon aansteek en dan die siekte na ons huismense kon oordra.

*Die lockdown was goed want ons glo dit het gehelp om ons te beskerm. President Ramaphosa het dit goed hanteer. Dit was egter ook stresvol vir die kinders omdat hulle nie by hulle maatjies kon uitkom nie.*

***Ons hier in die Koue Bokkeveld was bevoorreg dat ons in hierdie tyd kon werk. Handewas en masker dra is nog steeds 'n groot prioriteit.***

# *Hoe die grendeltyd my lewe beïnvloed*

**SOPHIE DE BRUIN**

–

Op 26Maart om Middernag begin die Grendeltyd vir Suid-Afrika se burgers. Onverwags het 'n baie onwelkome vernietigende gas ons land en lewens binnegedring met hartseer nagevolge. Sy naam is Covid 19 Corona Virus. Ons almal se lewens wereldwyd word verander deur die siekte.

Skielik mag ons nie meer soggens en saans ons huisgenote met 'n soentjie en 'n drukkie totsiens sê nie. Veral nie ons wat met die mense moet werk nie. Families moet aanvaar dat ons nie meer mag in "pop" soos in die verlede nie. Ons moet nou permanent maskers dra soos die virus se getalle styg. Ons hande was nog nooit so skoon soos in hierdie tyd nie. Ons moet nou mekaar met die waai van 'n hand of 'n vriendelike "Goeiedag" groet, want sosiale afstand is 'n moet.

Gesinne word nou vir die eerste keer in ons almal se lewens in ons huise in kwarantyn geplaas. Hier kry ons nou die geleentheid om mekaar te herondek, vrede te maak met verskille en kry ons weer die geleentheid om mekaar te waardeer. Familietyd word gekoester en vrouens maak nou weer lekker kos en gebak sodat die kinders nie te verveeld raak nie. Pappas maak weer tuin en maak meubels reg wat bietjie aandag kort. Ons speel weer speletjies en kyk saam.

*Jy besef weereens dat jou familie kosbaar en die moeite werd is.*

By die werk hanteer ons mekaar maar versigtig want emosioneel word ons met baie dinge gekonfronteer. Eenkant die vrees dat die persoon voor jou dalk die draer kan wees en aan die ander kant dat jy dalk besmet kan wees en die persoon kan siek maak. Onsekerhede en vrees lei dikwels tot misverstande en onnodige konfrontasies. In hierdie tyd word jou volwassenheid en selfdissipline regtig uitgedaag. Ek kan net die Waardes Sessies oor die afgelope jare loof, want in hierdie tyd besef ek dat ons nou die vrugte van daardie opleiding pluk.

Te midde van al hierdie verandering word ons gekonfronteer met die realiteit. God praat nie net met een land, mens, familie of gemeenskap nie, maar met die hele wêreld. Hy roep sy volk om terug te keer na die basiese. Hy gee ons nog 'n kans om reg te maak te midde van die chaos.

***Ek glo dat ons wat hierdeur gaan, nie ongeskonde anderkant gaan uitkom nie.***
***Ek glo dat ons meer waardering aan die vanselfsprekende sal gee.***
***Ek glo dat ons groter en sterker anderkant sal uitkom.***
***Ek glo dat ons sal sê ek was deel van die span wat Corona help beveg het. #Together we can.***



# *Oos-Kaap Covid 19 bewusmaking*

**GEORGE BOKKIES**

–

Op Maandag 08 Junie 2020 het 3 van ons Misgund Gesondheidswerkers die plaaslike Laerskool gehelp met Covid 19 bewusmaking onder Gr.7 leerders onderwysers. Om hierdie boodskap duidelik oor te dra en die belangrikheid van wat elke leerder moet weet, het hulle plakkate gebruik wat in emoji's formaat saamgestel was tesame met hulle aanbieding.

***Hulle het meestal gefokus op:***
1. Hoe hou ek myself veilig? | 2. Moontlike Covid-19 simptome | 3. Wat moet ek doen as ek die simptome het? | 4.Voorkoming (Sosiale distansiëring, Dra van maskers, Handsanitering)

# *Hongersnood*

Suid-Afrika is vol mense wat graag wil help - dit is duidelik uit die vele maniere waarop mense behoeftiges se nood in die Corona-krisis kan verlig. Selde het Suid-Afrikaners mekaar so nodig gehad soos nou, want die inperkings is 'n tweesnydende swaard: Dit slaag tans om die infeksie- en sterftekoers van COVID-19 te beperk, maar veroorsaak inkomsteverlies en verdiep hongersnood onder armes. Dutoit het ook by verskeie projekte (Ceres Business Initiative & Wes-Kaap Departement Landbou) ingeskakel.

Thank you to the Dutoit team for the donated food. The donations were split up and divided into the following:

- Delft Community Action Network
- Red Cross
- Food Forward
- Cape Town Together
- Philippi Community Action Network
- Service Dining Room distributing into Khayelitsha and Langa

*We will give it our best shot to continue making it happen, but without generous contributors like you it would be so much harder. The pressure is massive on the Western Cape Government to keep delivering relief where possible.*

The NGO's are stepping in and various Hotel kitchens across the city are helping to prepare food for those in need.

Below are images of the food donated by Dutoit Agri and converted into edible portions for the homeless. The Hilton Hotel kitchen team prepared the meals in hull and the NGO Cape Town Together distributed the food.

***Dirk S. van Doorn, Orycon***









Baie dankie Dutoit dat met ons met onder meer julle produkte vir die 10 000 mense kon kos gee.
***Tijmen van Essen, Burgermeester Malmesbury***






Mooi- Uitsig gee ook twee keer per week aan tussen 300 en 400 mense klaar voorbereide kos.

## *Lojale Samewerking*

**DALENE CONRADIE**








Dutoit en die verwante werkgewers hierbo, wil graag vir elke werknemer dankie sê vir lojale samewerking om kos aan ons land en sy mense te bly voorsien. Elke werknemer se positiewe gesindheid, te midde van moeilike en uitdagende omstandighede, word opreg waardeer.

*Baie dankie ook aan elkeen wat die protokolle en voorkomende maatreëls respekteer deur nougeset daarby te hou.*

Ons vertrou dat die sitrus wat jy ontvang, daartoe sal bydra om jou en jou gesin verder gesond en positief te hou. Geniet dit!!

Die 28ste Mei het ons lemoene aan dankbare Paardekloof werkers uitgedeel om hulle immuniteit te help opbou om Covid-19 te help beveg. Voordat die persone hulle sakkies lemoene ontvang het, was hulle koors getoets en hulle hande gesatineer. Die werkers is opreg dankbaar teenoor die maatskappy wat altyd die werkers se belange op die hart dra.

***Sophia de Bruin***

KROMFONTEIN



# *Kromlin Primêr*

**JOHAN PIETERS PRINSIPAAL**

Die hele ervaring t.o.v. die Coronavirus en die dramatiese verandering in ons leef- en denkwyse voel nog steeds onwerklik. Ons as personeel het egter hierdie krisistyd positief benader en besluit nadat die lockdown aangekondig is en skole nie soos beplan op 14 April 2020 begin het nie, om pro-aktief op te tree.

***Uitdeel van Skoolwerk en Kospakkies:***
Ons skool is geseënd met 'n groep wonderlike personeellede (onderwysers, steunpersoneel en skoonmakers) wat nie geskroom het om tydens die lockdown tydperk tyd te gemaak het om leerders met kos (gekookte kos, snacks en 'n stokkielekker) en skoolwerk te voorsien nie. Vanaf die 16 April 2020, elke Donderdag was kos en werk by elke leerder van die skool afgelwer en is afgehandelde werk weer die volgende Woensdag by personeellede op die plase terugbesorg.

***Skoonmaak van die Skoolgebou***

Ons skoolgebou is vanaf Woensdag 13 Mei 2020, toe personeel weer aangemeld het vir werk, deeglik skoongemaak en ontsmet. Ook moes eie fondse gebruik word om skoonmaakmiddels aan te skaf aangesien die departement eers baie laat skoonmaakmiddels aan die skool verskaf het. Personeel het self ingespring en meubels, mure, apparaat en vloere is deeglik skoongemaak. In die staduim is alle klaskamers skoon en is sitplekke so gerangskik om die minimum van 1,5m tussen leerders te verseker.

***Ontvang van Graad 7 leerders en handhawing van protokol***
Graad 7 leerders het Maandag 01 Junie 2020 by die skool vir onderrig aangemeld. Personeel en leerders word elke oggend voor hulle die skoolgronde betree geskandeer (om temperatuur te kry) en hulle hande word ook gesaniteer. Die ritueel sluit ook die vra van sekere vrae in om seker te maak dat daar geen simptome van die virus is nie. Verskeie ander maatreëls geld ook nog die skool soos voorgeskryf deur die WKOD om te verseker dat leerders, personeel en besoekers veilig is.

***Fondsinsamelingspoging***
Aangesien die skool steeds nog normale uitgawes (salarisse, skoonmaakmiddels, administratiewe uitgawes, leerhulpmiddels) moet dek, is dit egter ook nodig dat fondse geïn moet word. Normale fondsinsamelingspogings kon egter nie plaasvind nie en het die personeel op Vrydag 29 Mei 2020 'n braaibordjie op bestelling by belangstellendes gaan aflewer. Hierdie poging was 'n reusesukses en sal dit baie help om ons uitgawes te help dek.

*Ons weet dat hierdie tydperk van onsekerheid ook sal verby gaan, maar dit is egter nodig dat die situasie waarin ons ons bevind ook gesien moet word as 'n geleentheid om dalk beter te beplan, ander denkwyses in te slaan of om net dankbaar te wees vir wat ons het.*



# *Sonkrag*

JOHAN GROBLER

–

In die laaste dekade of twee het dit baie duidelik aan die lig gekom dat die hulpbronne wat op planeet Aarde beskikbaar is, nie vir altyd kan hou nie. Boonop het besoedeling vlakke bereik waar die algemene gesondheid van die mensdom nie meer 'n gegewe is nie. Sedert die koms van elektrisiteit in die 19de eeu en die vestiging van die motor en binnebrand-enjin in die 20ste eeu, is die langdurige aanwending van fossielbrandstowwe as primêre energiebron gevestig.

Steenkool, olie en gasneerslae is oor miljoene jare in die aardkors vasgelê deur die verotting van plantreste, druk en temperatuur. Die tempo waarteen die mensdom hierdie bronne oor die laaste 150 jaar ontgin het, het dit duidelik gemaak dat daar spoedig 'n einde aan hierdie bronne sal wees. Daarmee tesame het die verbranding van hierdie fossielbrandstowwe tot grootskaalse besoedeling gelei wat die voortbestaan van die mensdom op Moeder Aarde totaal van stryk gebring het.

Dit is dus die menslike oorlewingsdrang wat ons gedwing het om alternatiewe vorme van energie te ondersoek en om dit kommersieel tot voordeel van alle mense op Aarde aan te wend. Die beweginsenergie van die wind en oseane word deesdae ontgin, maar dit is die hitte-energie van die son wat oor biljoene jare reeds die bron van alle energie op aarde is, wat in die afgelope paar jaar die voortou begin neem het.



Die tegnologie wat benodig word om hierdie bron van energie te ontgin, het met rasse skrede vooruitgegaan oor die laaste vyf jaar. Deesdae is die tegnologie aan die meeste mense in die vorm van sonpanele (foto-voltaïese selle) wat die energie van sonstrale in elektriese energie omskakel beskikbaar vir gebruik in miljoene ekonomiese prosesse. Die belangrikste feit om in ag te neem is dat sonenergie bykans oor die hele aarde beskikbaar is, totaal gratis is en dat geen skadelike afvalstowwe geproduseer word wanneer dit ontgin word nie!

Dutoit het deel geword van 'n toenemende hoeveelheid maatskappye wat sonenergie vir kommersiële doeleindes ontgin, toe 2800 sonpanele op die dak van Pakhuis 4 op die Dutoit Vrugte geïnstalleer is. Die volle installasie het 'n vermoë van 500kW wat genoeg is om tot soveel as 40 huishoudings van elektrisiteit te voorsien. Hoewel hierdie vermoë slegs sowat 6% van Dutoit Vrugte se verbruik verteenwoordig, is dit slegs die eerste fase van 'n reis om energie-selfstandig te word.

Sedert die installasie aan die begin van Desember 2019 in bedryf gestel is, is daar reeds 553 MWh elektrisiteit opgewek wat 'n besparing van meer as R600 000 tot gevolg gehad het. Deur van die sonenergie gebruik te maak, het Dutoit ook verhoed dat bykans 550 ton koolstofdioksied in die atmosfeer vrygelaat word. Dink net aan die besparing wat oor die langtermyn 'n bydrae tot die winsgewindheid van Dutoit Agri kan maak, asook om te verhoed dat duisende tonne koolstofdioksied ons aarde vernietig.

Sonenergie is dus nie net tot die finansiële voordeel van ons maatskappy nie, maar ook in belang van bewaring van die aarde en haar hulpbronne. In die toekoms behoort Dutoit hierdie ontginning van sonenergie so te vermeerder dat dit 'n wesenlike deel van die enegiebehoeftes van die maatskappy bevredig . So kan ons die omgewing vir ons nageslag bewaar en ook 'n meer gesonde wêreld vir alle mense op aarde daarstel.

## DUTOIT GROENTE

# *We've got Shallot to celebrate*

–

What's a chef's favourite vegetable? The shallot, of course! So much more than an onion, the super-sexy allium has a sweeter, subtler flavour than its bigger counterpart. It brings elegance to the pan, elevating the often-under-rated onion oeuvre.

And did you know that some of the world's best shallots are homegrown in South Africa at one of the Dutoit farms? Transported straight from the farm to a Woolworths, Pick 'n Pay or Checkers near you, SA's only commercially available shallots are fabulously fresh, bringing foodie finesse to Saffer kitchens across the country. The season is short so don't miss out!

Available from January to May only, shallots add French 'je ne sais quoi' – that elusive quality that cannot easily be named – to the table… or braai. Vincent Hewitt, Marketer at Dutoit says, "Nourished with the pure mountain waters of the Koue Bokkeveld, South Africa's shallots are grown north of Ceres, surrounded by shrubland. The farm was founded over 120 years ago in 1893 and has been farmed by the Dutoit family ever since. We take great pride in the quality of our onions and in offering something special and unique to the South African public."

A favourite with chefs everywhere, the shallot differs from the everyday onion in some fundamental ways. Firstly, it grows like garlic, in clusters rather than single bulbs. Secondly, it has a softer flavour, bringing all the essence of an onion without the punch. Thirdly, it's smaller and a little more oval-shaped. It is sublime in salads and is the essence of the bearnaise – that ambitious sauce that's a must-to-master by all aspiring cooks.

***Here are a few reasons why the shallot belongs in the modern South African kitchen:***

***It really is an ideal seasoning.*** Take an ordinary potato salad and turn it into something special with raw, finely chopped shallots and a white wine vinegar dressing…

***It's a beauty on the braai.*** Simply wrap it in tinfoil and cook it on the coals. Unwrap it gently and add its elegant charred sweetness to other roast vegetables - or eat it as is.

***Local is lekker.*** There's something special about cutting out the middleman and purchasing home-harvested produce you know has come straight from the farm. There's the added pleasure of knowing your purchase goes towards supporting Dutoit's tight-knit farming community. It's farm-to-table at its best!

***It's toasty-roasty.*** South Africans are very good at roasts – lamb, chicken, beef… Shallots take this to a whole new level.

***It's saucy.*** Aside from the elusive bearnaise, shallots add something sublime to any sauce: think shallot and red wine sauce, balsamic-shallot sauce, or a creamy mushroom-shallot concoction.

***It pairs exquisitely with wine.*** Shallots and wine go together like… shallots and wine. Sauté the exquisite alliums in butter until soft and their delicate earthiness will elevate any accompanying vintage – white or red. Add fresh tomatoes with a lighter-bodied red, or pop in carrots and tarragon to go with a dry Sauvignon. A top tip? Deglaze the shallot pan with your chosen wine…

***It'll make you feel like you're on Masterchef.*** If you've watched Masterchef, you know the shallot is a favourite with contestants. Using shallots will make you feel like you're on the show and perhaps add extra flair to your cooking game. There's a whole new world of recipes, waiting for you.

Vincent concludes, "We are delighted that so many South Africans are loving our shallots! We've seen these onions grow in popularity dramatically in the last few years as more and more chefs call them kitchen essentials. Our shallots are carefully grown. Only the best vegetables pass the test as our promise is to deliver world-class produce to local kitchens. We encourage you to try them; their subtlety will have you hooked in no time! The season is relatively short – from January to May – so don't miss out."

*Dutoit Agri is the only commercial producer of shallots in South Africa. It advocates a farm-to-table approach, with its produce going straight to leading supermarkets to be directly available to the public. This guarantees freshness and top-notch quality.*

## THE FOOD FOX

–






As we're all navigating a strange new reality within lockdown restrictions across the world, home cooking has become the centre of joy and recreation for many households. With limited outings to the shops, we're all making the most of simple pantry ingredients plus whatever we have stocked in our fridges.

Dutoit Agri has approached me to create a shallot recipe a few days before our President's first announcements of social distancing in South Africa, and we've decided to continue with this project as it can be a source of inspiration to many of us. Using a few economical pantry staples, you can whip up an easy dough for making flatbreads, even giving the kids a wonderful way to keep their (washed) hands busy. Shallots have a fantastic shelf life of 1-2 months, a long seasonality timeline (January – August), and they are so very versatile to use in an array of recipes. With a sweeter, milder taste than onions, they are also much more popular with kids. From using them raw in dressings and salads, to roasting them for a deeper flavour, they are an all-round winner in my pantry.

